# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (20/10)

*Justin Chadwick (21 Mei 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK ***"I've been on a calendar, but never on time" Marilyn Monroe***

## KALENDER WEKE

Dit lyk of daar verwarring is oor watter WEEK ons op die oomblik in is. Die verwarring het ontstaan omdat week 1 op 4 Januarie (nie die 1ste nie) begin het. As gevolg hiervan dui baie kalenders (insluitende diè wat deur CGA en 'n toonaangewende uitvoeragent versprei is) hierdie week as WEEK 21 aan – in der waarheid is ons egter in **WEEK 20 [Maandag 17 tot Sondag 23 Mei].**

## KONVENSIONELE VERSKEPING

Die tendens oor die afgelope tien jaar was dat daar 'n toename in verskepings van houers was ten koste van konvensionele verskeping. Daar was baie faktore wat aanleiding tot hierdie tendens gegee het – met sommige wat voorspel het dat konvensionele verskeping uiteindelik tot 'n einde gaan kom. Vanuit 'n bedryfsoogpunt glo ek dat keuse 'n goeie ding is – 'n mengsel tussen konvensioneel en houers laat toe vir kompetisie en redelike pryse. Sou verskeping na 100% houers gaan, sal die bedryf aan die genade van die houer-operateurs oorgelaat wees in terme van verskepingskostes en terme en kondisies van verskeping. Houers se kostes mag nou aantreklik wees – maar dit kan wees om markaandeel te verkry om konvensioneel as kompetisie te verdryf; en wanneer daardie opsie nie meer daar is nie, kan daar 'n toename in houers se kostes volg. Die voorreg om te kan kies is weer die afgelope twee weke tydens die Transnet staking beklemtoon. Konvensionele verskepings is marginaal deur die staking beïnvloed en daarom kon die markte wat deur konvensionele verskeping gediens word steeds vrugte ontvang, terwyl markte wat van houers gebruik maak nie vrugte kon ontvang nie.

## TRANSNET STAKING

Die staking is steeds nog nie verby nie en op Dinsdag hierdie week kon gesien word hoe skepe vinnig vanaf Durban vertrek met baie min vrag. Volgens die media is 'n ooreenkoms naby – maar nie alvorens uitvoerders aansienlike verliese gelei het nie. Om sake te vererger, het houer-operateurs korrespondensie aangaande die instelling van 'n "opeenhopingsbybetaling" gestuur. Hoekom hierdie operateurs dink dat uitvoerders verantwoordelik is vir hulle ellende gaan my verstand te bowe – uitvoerders het niks met die staking te doen gehad nie en kon ook niks daaraan doen nie. CGA gaan hierop reageer en die operateurs in kennis stel dat die utvoerders nie enige bybetalings gaan maak nie en voorstel dat alle rekeninge aan Transnet gestuur word. Weereens het hierdie aksie van die houer-operateurs die gevaar van die beskikbaarheid van slegs een manier van verskeping uitgewys. Wat ook interessant is, is dat hierdie briewe vanaf die houer-operateurs op dieselfde dag uitgestuur is en met soortgelyke bedrae wat geeis word - getuig van sameswering; moontlik moet die Mededingingskommissie dit ondersoek???

## SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)

Die volgende CMF gaan **VOLGENDE WEEK** op **DONDERDAG 27 Mei 2010 om 10:00** plaasvind. Die vergadering gaan by die gewone plek (Willow Park Konferensiesentrum) gehou word – pendelbussies is vanaf OR Tambo Lughawe beskikbaar (vooraf reëlings moet getref word). **Die kennisgewing en agenda vir die vergadering is reeds uitgestuur.** Ingesluit as deel van die agenda is die **WISSELKOERS; IMPAK VAN STAKING EN HERSTELLENDE AKSIE en BELANGRIKE FITOSANITêRE INLIGTING. Bly op hoogte en woon die vergadering by. RSVP Gloria by 031 7652514 of Gloria@cga.co.za.**

## GLOBALE SITRUS KONFERENSIE

Australië het baie tyd daaraan spandeer om hul te beskerm teen die inbringing van nuwe plae en siektes en dit is hoofsaaklik deur **Pat Barkley** gedryf. Pat gaan een van die sprekers by die Globale Sitrus Konferensie wees (8/9 Julie in Kaapstad, meer inligting op www.gcc2010.co.za). Sy sal aan afgevaardigdes insae gee oor hoe Australië hulself geposisioneer het om biosekuriteit te verseker – hoe die bedryf en Owerhede as 'n vroeë waarskuwingsisteem kan saamwerk, en aksies om in die geval van enige bedreiging te volg.

## CARA CARA NA JAPAN

Produsente met Cara Cara nawels is vir baie jare deur die Japanse aanvaarding van Cara Cara Nawels gefrustreer – met toegang gedurende een jaar en weer geen toegang gedurende die volgende jaar nie. Die goeie nuus is dat die Japanse Owerhede (MAFF) nou bevestig het dat Cara Cara aanvaar is en dat verskeping van die produk na Japan in 2010 kan voortgaan.

## GEPAK EN VERSKEEP

Dit is interessant om daarop te let dat verpakking op die spoor van 2008 se syfers volg (behalwe nawels) terwyl verskeping se volumes op 2009 volg (behalwe pomelo's). By **pomelo's** is 78% van die vrugte wat tot op datum gepak is Star Ruby. Rusland bly die vernaamste mark op 36% (2009-9%) met Japan op 23%. Amper 0.8 m minder kartonne is na N-Europa in 2010 in vergelyking met 2009 uitgevoer. Rusland neem ook meer **sagte sitrus** (2010 19%; 2009 8%), maar die grootmaat sagte sitrus gaan steeds na die VK (2010 47%; 2009 63%). **Suurlemoenuitvoere** na Rusland is ook meer (2010 22%; 2009 12%) ten koste van die Midde-Ooste (2010 39%; 2009 50%) en Verre-Ooste (2010 7%; 2009 18%). Die eerste miljoen kartonne **nawels** is nou gepak, maar uitvoervolumes bly beperk, uitvoere was na Midde-Ooste (2010 35%; 2009 41%) en Rusland (2010 26%; 2009 1%). Variëteitsfokusgroepe het grootliks hul voorspellings onveranderd gelaat; die Pomelo Fokusgroep het laas op 12/5 vergader en hul voorspelling onveranderd gelaat, so ook die Suurlemoen Fokusgroep wat op 5/5 vergader het; die Nawel Fokusgroep het hul voorspelling met 100 000 kartonne op 11/5 verminder; terwyl sagte sitrus hul voorspelling met die dieselfde hoeveelheid op 20/5 verhoog het.

| Tot Week 19<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2008 | 2009 | 2010 | 2009 | 2010 | 2010 | 2010 | 2009 | 2009 |
| Pomelo's | 3.5m | 4m | 3.4m | 1.8m | 0.7m | 12.6m | 12.5m | 14.2m | 13.7m |
| Sagte Sitrus | 2.3m | 2.1m | 2.9m | 1.6m | 1.8m | 7.5m | 7.4m | 6.8m | 6m |
| Suurlemoene | 3.2m | 2.1m | 3.2m | 1.4m | 1.3m | 9m | 9m | 8.7m | 7.7m |
| Nawels | 1.2m | 1m | 2m | 0.3m | 0.3m | 21.4m | 21.4m | 19.4m | 19.1m |
| Valencias | - | - | - | - | - | 41.3m | 41.3m | 38.5m | 35.3m |
| | 10.2m | 9.2m | 11.5m | 5.1m | 4.1m | 91.8m | 91.6m | 87.6m | 81.8m |

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**